

11 Augustus - NOOD

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 15:1-8 (NAV)

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 15:4

In die geskiedenis van die Ou-Testamentiese Godsvolk lees ons telkemale dat hulle van die Here af weggedraai het.

Telkemale gryp die Here dan in deur vyande te stuur om sy volk te oorwin en te verneder oor hierdie afval. Dan hoor ons gewoonlik ook van tydige berou oor die sonde, en van die Here wat in genade vergewe en nie sy volk totaal en al uitwis nie.

Toe Asa oor Juda regeer, was daar nog baie sulke dinge wat getuig het van afval, en dit moes Asa regstel (vs 8).

Wat hier opval, is dat die profeet Asarja onder leiding van die Heilige Gees vir Asa daarop wys dat die Here se ingrype op staatkundige gebied “onrus en nood” is wat God oor hulle gebring het. Die gevolg van die wegdraai van die Here af was die nood van oorlog, geweld, onreg en vernedering in die volkslewe. Die sonde het die nood veroorsaak!

Dan is daar net een pad uit die nood: bekeer jou tot die Here jou God en vra na Hom, en Hy sal Hom deur jou laat vind.

Ons skryf die nood waarin ons verkeer aan baie dinge toe. Daar is so baie oorsake en gevolg wat nood in jou lewe veroorsaak.

Ten diepste is daar egter net een rede vir alle nood: jou onafhanklikheid van die Here – die sonde as gevolg van die sondeval! In diepe afhanklikheid van die Here verdwyn alle nood uiteindelik soos mis voor die son ... nie dadelik nie, maar tog vir seker!

Jesus Christus het in hierdie wêreld gekom om boete te doen vir al ons sonde en elke gevolg van ons sonde. Draai na Hom toe, vra na Hom, en jy sal vind: Hy is by jou in al jou nood! Hy red jou uit elke nood!

Sing: Psalm 103:2 (1936-beryming)

Ds JH Cilliers (Reitz)